Bloemfontein Baptiste Kerk

Saam groei ons tree vir tree

# Christelike Riglyne vir Vandag

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

# Beginsel 1 – Geloof

**Hebreërs 11:1 definieer geloof is sekerheid en ons hoop en oortuigings in wat ons nie kan sien nie. Hoe sal jy geloof definieer?**

**As jy vandag moet evalueer, wat is dit waarin jy vandag in die Here seker en oortuig is?**

**Hebreërs 11:6 sê: "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." Wat is 'n moontlik iets in jou geloof waaraan jy kan aandag gee? Is daar iets wat dalk jou geloof benadeel op die oomblik wat jy voor die Here wil bring?**

# Beginsel 2 – Gehoorsaamheid

**Hoekom is jy gehoorsaam of nie gehoorsaam aan die Here?**

**Wat is die oorsaak dat jy dalk soms nie vir die Here luister nie? In die lang termyn, watter impak dink jy sal dit hê in jou verhouding met die Here en lewe hier op aarde?**

**As jy die vreugde of blydskap van die Here Jesus moet verduidelik, watter woorde sal jy gebruik?**

**Op watter manier was jou gehoorsaamheid al tot seën vir iemand anders gewees? Hoe dink jy pas jou gehoorsaamheid in by God se groot plan?**

**Wat kan jy vandag doen om meer in gehoorsaamheid saam met die Here te leef?**

# Herinnering aan God se Goedheid en Getrouheid

**Deur Abraham se storie word ons herinner aan God se goedheid, guns en getrouheid selfs al het Abraham soms foute gemaak.**

**Ps119:68 - U is goed en U doen goed; leer my u voorskrifte. Op watter manier het jy die Here vandag nodig? Wat is jou behoefte?**

**Hy wil vir jou goed wees, vir jou sorg, by jou wees en jou beskerm, maar al hierdie waarhede lê in 'n verhouding met Jesus. Wil jy nie weer sy voete kom sit nie. Wil jy nie weer na Hom toe terug draai nie?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**